

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 4

BOEKHOU VIR REGSPRAKTISYNS

20 FEBRUARIE 2020

14:00-16:15

Totaal: [100]

Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 uur volg dan.

1. Kandidate mag sakrekenaars gebruik.
2. Maak seker dat in u antwoorde die betrokke inskrywings duidelik herkenbaar, beskrywend en volledig is.
3. Maak aparte besigheids- en trustkasboeke asook grootboekrekeninge vir kliënte oop en moet dit nie kombineer nie. Joernaal-inskrywings moet behoorlik herkenbaar en beskrywend/verhalend wees.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Kandidate hoef nie 'n mondeling af te lê as 50% of meer behaal is nie, behalwe in uitsonderlike omstandighede. Kandidate wat minder as 40% behaal, kwalifiseer nie vir 'n mondeling nie en het in hierdie afdeling gedruip.

VRAAG 1**[15]**

Beskryf en verduidelik die gebruik van 'n joernaal. Beskryf die doel van en die inskrywings wat u sou maak in die Fooie-, Oordrag-, Trust- en Besigheidsjoernale en die beskrywing (indien enige) wat die inskrywings rugsteun.

VRAAG 2**[20]**

U moet die volgende transaksies in **joernaalinskrywing met volledige beskrywings** opteken. U moet die **joernale** wat u sou gebruik **aandui**.

- 1 U hef 'n fooi van R5 000 plus BTW teen 15% vir professionele dienste. U is 'n geregistreerde BTW ondernemer.
- 2 U boekhouer het foutiewelik 'n bedrag van R8 000 na Sipho se Trustgrootboekrekening gekrediteer in plaas van na Madaline se Trustgrootboekrekening. Hoe sou u die fout regstel?

VRAAG 3**[15]**

U besigheidskasboek toon op 30 Junie 2019 'n balans van R40 000. Op dieselfde datum toon die bankstaat 'n balans van R5 000.

'n Vergelyking van die kasboek met die bankstaat vir Junie 2019 toon die volgende:

1. Rente van R3 900 op die gunstige balans is nie in die kasboek aangeteken nie.
2. 'n Deposito van R25 360 is verkeerdelik in die kasboek aageteken as R25 630.
3. 'n Deposito van R11 000 op 28 Junie 2019 verskyn nie in die bankstaat nie.
4. 'n EFT van R45 000 deur 'n kliënt verskyn nie in die kasboek nie.
5. 'n Debietorder ten gunste van Nedbank vir R28 236 verskyn slegs in die bankstaat.
6. Bankkoste van R2 000 is teen u bankrekening gedebiteer.
7. 'n EFT betaling vir R14 000 aan 'n kliënt op 30 September 2018 geskeduleer vir betaling op 1 Julie 2019 verskyn slegs in die kasboek.
8. 'n Deposito van R41 000 wat in die kasboek aangeteken is, verskyn nie op die bankstaat nie.
9. 'n Trustdeposito van R12 606 is foutiewelik na die besigheidsrekening gekrediteer.

U moet nou opstel:

- a. Die aanvullende kasboek vir Junie 2019.
- b. Die bankrekonsiliasie staat soos op 30 Junie 2019.

VRAAG 4**[40]**

U word geraadpleeg deur mnr. Mabuza wat sy eiendom aan me. Baloyi vir R10 miljoen verkoop.

Hy gee u opdrag om 'n koopkontrak op te stel. Die wesentliche bepalings is:

- a) Me. Baloyi moet by ondertekening 'n deposito van R1 miljoen betaal.
- b) Me. Baloyi moet die transportkoste van R500 000 betaal. R300 000 daarvan is hereregte.
- c) U moet die R1 miljoen deposito vir me. Baloyi se voordeel in 'n rentedraende rekening belê.
- d) U reël vir me. Baloyi 'n tweede verband van R2 miljoen by u kliënt, me. Lender. U hou R3 miljoen namens me. Lender in u trustrekening.
- e) Me. Baloyi kry 'n eerste verband van R7 miljoen by Capitec Bank.

Die kontrak word onderteken op 15 Julie 2019.

1. Op 16 Julie ontvang u per EFT twee betalings van me. Baloyi: R1 miljoen deposito en R500 000 vir die pro forma transportkoste. U belê R1 miljoen by ABSA Bank.
2. Op 17 Julie betaal u hereregte aan SAID.
3. Op 19 Julie ontvang u van Capitec Bank 'n bankwaarborg vir R7 miljoen.
4. Op 25 Julie ontvang u die hereregtekwitansie van SAID.
5. Op 26 Julie word die aktes ingedien by die Aktekantoor.
6. Op 2 Augustus word die transport en verbande geregistreer.
7. U ontvang R1 100 000 van ABSA Bank.

Van u word verlang om:

- a) al die inskrywing in u rekeningboeke aan te teken;
- b) alle begunstigdes te betaal;
- c) aan me. Baloyi te verreken;
- d) toepaslike bedrae van Trust na Besigheid oor te dra (ignoreer BTW).

VRAAG 5**[10]**

- 5.1 Mag 'n prokureur die deponering van trustgeld terughou sodat kontant aan 'n trustkrediteur betaal kan word? (1)
- 5.2 Hoe betaal 'n prokureur borg in 'n strafsak as hy/sy die geld in 'n trustrekening hou? (3)
- 5.3 Hoe dikwels moet 'n prokureur:
 - 5.3.1 'n rekonsiliasiestaats opstel; (1)
 - 5.3.2 'n trustproefbalans opstel; (1)
 - 5.3.3 'n trustrekening oudit laat doen. (1)
- 5.4 Onder welke omstandighede mag besigheidsgelde in 'n Trustrekening gedeponeer word en wat moet daarna gedoen word? (3)

- DIE EINDE -